
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2024

# VERBRUIKERSTUDIES

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| **AFDELING A (Kortvrae)** | | | |
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| **AFDELING B (Langvrae)** | | | |
| 2 | Die Verbruiker | 40 | 40 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 20 | 20 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. Al die vrae is VERPLIGTEND.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: KORTVRAE

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 D.

1.1.1 Rentekoerse in Suid-Afrika word op die … koers gebaseer.

A bank-
B vaste
C prima
D repo- (1)

1.1.2 Die grootste inkomstebron vir die munisipaliteit:

A Fondsinsameling
B Regeringsbefondsing
C Provinsiale-fondse
D Eiendomsbelasting (1)

1.1.3 Die beste manier om energie te bespaar wanneer voedsel gebak word:

A Gebruik ŉ konvensionele oond in plaas van ŉ mikrogolfoond.
B Hou die stoofplaat op die hoogste temperatuur om te verseker dat die voedsel vinnig gaar word.
C Maak eenskottel-geregte op die stoof of binne-in die oond.
D Maak kos buite spitstye gaar en hou dit dan in die warmoond warm. (1)

1.1.4 Die beste beskrywing vir gryswater:

A Water wat vuil en fisies grys in kleur is, dit kan nie gedrink word nie
B Water wat mikro-organismes bevat en siektes in mense kan veroorsaak
C Toilet/rioolwater
D Wasmasjien-, wasbak-, stort- en badwater wat weer gebruik word (1)

1.1.5 Produkspesifikasie sluit die volgende in:

A Die grootte van die produk
B Die teikenmark
C Menslike vaardighede
D Produksietydperk (1)

1.1.6 Die faktor wat produktiwiteit in ŉ onderneming sal verhoog:

A Klanteverhoudinge
B Afleweringstrategieë
C Veiligheidsprosedures
D Opleiding van werkers (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.7 Identifiseer die entrepreneur wat 'n verkeerde keuse gemaak het aangaande die beskikbaarheid van grondstowwe.

A Bonita koop al haar grondstowwe in 'n buurdorp.
B Lindiwe se grondstowwe word elke maand vanaf die stad afgelewer.
C Sihle maak gebruik van grondstowwe wat plaaslik vervaardig word.
D Peer voer hoë gehalte grondstowwe in vanuit Somalië. (1)

1.1.8 Die voedselverwante gesondheidstoestand wat beheer kan word deur die keuse van koolhidraatryke voedsel met 'n lae glisemiese indeks te kies:

A Anemie/Bloedarmoede
B Diabetes
C Hipertensie
D Osteoporose (1)

1.1.9 Watter van die volgende nutriënte sal die bloedglukose vlakke die meeste verhoog?

A Proteïene
B Koolhidrate
C Vesel
D Vet (1)

1.1.10 'n … is die voedseladditief/-bymiddel wat verhoed dat die bestanddele in roomys skei:

A Emulsifiseerder
B Bleikmiddel
C Gelatiniseringsmiddel
D Preserveermiddel (1)

1.1.11 'n Voordeel van organiese voedsel:

A Groter opbrengste op oeste
B Laer produksiekoste
C Pesbestandheid
D Gesonder produkte (1)


1.1.12 Gastroënteritis sal ...

A inflamasie in die beendere veroorsaak.
B tot lewerinfeksie lei.
C die spysverteringskanaal affekteer.
D die hart affekteer. (1)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




1.1.13 Die onderstaande illustrasie toon:



A Voedselbestraling
B Voedselsekuriteit
C Geneties-gemodifiseerde
D Organiese voedsel (1)

1.1.14 Identifiseer the simbool wat vir die verbruiker ’n aanduiding is dat die produk bestraal is.




1.1.15 Voedselsekuriteit beteken dat:

A Suid-Afrikaanse boere hul eie voedsel produseer
B Suid-Afrikaanse produkte word na ander lande gestuur om verkoop of verruil te word
C Mense eet genoeg veilige voedsel om ’n aktiewe en gesonde lewe te lei
D Almal voedsel kan bekostig (1)

1.1.16 ’n Modegier/Modegiere:

A Verwys na dít wat tans populêr is en deur die massas gedra word
B Is ’n duur en uitspattige styl
C Bestaan vir baie seisoene
D Word dikwels in bykomstighede aangetref (1)

1.1.17 ’n Persoon met ’n driehoekige figuur moet ’n ... dra.

A broek met detail by die sakke
B bloes wat by die heupe eindig
C helderkleurige hemp met detail in die skouer-area
D rok met ’n belt in ’n kontrasterende kleur op die heupe (1)

1.1.18 Belasting betaalbaar op die wins wanneer ’n eiendom verkoop word is ...

A eiendomsbelasting.
B kapitaalwinsbelasting.
C boedelbelasting.
D oordragbelasting. (1)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.1.19 ŉ Verbruiker sal vir ŉ regerings-behuisingsubsidie in aanmerking geneem word indien hy/sy …

A vier finansiële afhanklikes het en R3 300 per maand verdien.
B geen finansiële afhanklikes het nie en nog nie voorheen ŉ huis besit het nie.
C ouer as 21 is en al voorheen eiendom besit het.
D ŉ salaris van R3 000 per maand verdien en graag ŉ tweede huis wil koop. (1)

1.1.20 Die koste wat gewoonlik tydens die koop of huur van ŉ huis betaalbaar is:

A Deposito
B Maandelikse paaiemente
C Registrasiefooie
D Agentekommissie (1)

1.2 Identifiseer VIER simptome van osteoporose uit die onderstaande opsies gelys. Skryf slegs die letter van die korrekte antwoord(e) neer.

A Moegheid
B Rugpyn
C Duisligheid
D ŉ Geboë liggaamshouding
E Verlies van lengte met tyd
F Val maklik
G Poreuse bene (4 x 1) (4)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDE-BOEK neer.

1.3.1 Die hoeveelheid glukose in die bloed

1.3.2 ŉ Manier om koolhidrate te klassifiseer gebaseer op die tempo waarteen glukose in die bloed vrygestel word

1.3.3 ŉ Groep mense in wie se behoeftes voorsien sal word wanneer hulle ŉ produk koop

1.3.4 Die persentasie wat by die totale produksiekoste gevoeg word om ŉ wins te maak

1.3.5 ŉ Noukeurige getoetste resep sodat die eindresultaat altyd dieselfde is

1.3.6 ŉ Dokument wat geldbestuur in die toekoms aandui (6 x 1) (6)

 SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 Identifiseer VIER voordele van doeltreffende afvalbeheer uit die lys hieronder. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

A Besoedel die lug, water en grond.
B Bewaar waardevolle hulpbronne deur dit weer te gebruik.
C ŉ Onooglike omgewing beïnvloed werkskepping negatief.
D Bespaar geld deur die herwinning van materiaal.
E Eienaars wat hulle eie afval sorteer, ontvang kortings op hul munisipale-tariewe.
F Dit verminder die negatiewe impak op die omgewing.
G Kompos verryk die ekosisteem.
H Dit skep vullishope/stortingsterreine met nie-bioafbreekbare afval. (4 x 1) (4)

1.5 Kies die verduideliking uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.5.7 J.

| KOLOM A<br>TERM | KOLOM B<br>VERDUIDELIKING |
|---|---|
| 1.5.1 Kontrak | A Toelaatbaar deur die wet |
| 1.5.2 Huisinhoud-versekering | B Moet die volle bedrag, plus rente, moet oor ŉ spesifieke aantal maande terugbetaal word vir die produk wat gekoop is |
| 1.5.3 Vrywaring | C Om met minder tevrede te wees |
| 1.5.4 Kredietkontrak | D Die aankoop van verpersoonlike produkte deur middel van elektroniese media |
| 1.5.5 Direkte bemarking | E Versekering wat ŉ huis teen strukturele skade in die geval van brande, vloede, ander natuurlike rampe en ook politieke onluste beskerm |
| 1.5.6 Afkoeltydperk | F Tydperk van 5 werksdae waarbinne ŉ kontrak gekanselleer mag word |
| | G ŉ Formele verklaring wat meld dat jy nie wettig aanspreeklik gehou kan word vir iets nie |
| | H ŉ Ooreenkoms tussen twee of meer mense waarin die een persoon aanbied om iets te doen en die ander persoon die aanbod aanvaar |
| | I Die verbruiker is verseker teen enige verliese/skade aan huishoudelike inhoud in die geval van diefstal, brande, ens. |

(6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

### VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Definieer die term *indirekte belasting*. Gee TWEE voorbeelde van indirekte belasting. (4)

2.2 Noem die funksie van die SAID. (1)

2.3 Demonstreer die verskil tussen *VPI* en *inflasie*. (4)

2.4 Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Die prys van elektrisiteit raak jaar na jaar duurder. Veral nou meer vandat Eskom soveel uitdagings ervaar. Voordat jy jou bad begin tap, dink vir 'n oomblik aan die elektrisiteit wat jy mors. Die verhitting van water kan tot 40% van jou elektrisiteitsrekening kos. Sou jy graag die koste van die verhitting van water wil verminder?
>
> Hier is die goeie nuus. Die installering van 'n hittepomp kan die verhittingskoste van water met tot 67% verlaag. Die hittepomp is 'n energie-effektiewe manier om jou water te verhit.
>
> Om die aanbieding nog 'n aantrekliker opsie te maak, sal Eskom 'n korting aan jou toestaan wanneer jy die hittepomp in jou huis of kleinskaalse onderneming installeer.

2.4.1 Noem die voordele verbonde aan die installering van die Eskom hittepomp. (3)

2.4.2 Verduidelik die redes waarom die toename in elektrisiteitspryse die ekonomie van Suid-Afrika kan beïnvloed. (3)

2.4.3 Verbruikers is besig om gasstowe in hul huise te installeer. Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n gasstoof. (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Om te spaar as lid van 'n groep kan argaïes klink, veral as jy nie gewoond is aan die konsep van spaar en 'n nes-eier opbou nie. Jy kan dieselfde beginsel toepas en waarskynlik 'n beter resultaat kry met 'n gemeenskapspaarklub. Baie van hierdie klubs koop nou nie-bederfbare kruideniersware in plaas daarvan om kontant uit te betaal.
>
> [Eksaminator se eie teks]

2.5.1 Wat noem ons hierdie tipes spaarklubs in ons gemeenskappe? (1)

2.5.2 Identifiseer waarom hierdie klubs, soos in die scenario hierbo gesien, as wettig beskou kan word. (3)

2.5.3 Bespreek hoe klublede baat vind by nie-bederfbare kruideniersware wat in grootmaat aangekoop word. (5)

Kopiereg voorbehou SA EXAM PAPERS 

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.6 Verduidelik die term *uitsluitingsklousule.* (3)

2.7 Bestudeer die onderstaande e-pos soos deur 'n verbruiker ontvang en beantwoord die vraag wat volg.

> Cash Kings is 'n nuwe kredietverskaffer wat onlangs hul deure oopgemaak het. As deel van hul spesiale openingsaanbieding, bied hul tans lenings teen 'n rentekoers so laag as slegs 5% aan. Om deel van hierdie eenkeer-in-'n-leeftyd geleentheid te wees, moet jy die volgende inligting per e-pos aan Cashkings@gmail.com stuur: jou ID-nommer, volle naam, beroep, maandelikse inkomste, bankrekening, telefoonnommer en e-posadres.
>
> [Eksaminator se teks]

Analiseer die e-pos en verduidelik met goeie rede, hoe 'n verbruiker op hierdie geleentheid moet reageer. (5)

2.8 Munisipaliteite is verantwoordelik vir die lewering van dienste om aan die basiese behoeftes van plaaslike gemeenskappe te voldoen. Om hierdie dienste te ontvang moet verbruikers hul verantwoordelikhede teenoor die munisipaliteit ook nakom.

Staaf die stelling hierbo deur na die verantwoordelikhede van verbruikers ten opsigte van die gebruik van munisipale dienste te verwys. (4)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

Bestudeer die etiket hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




**Bestanddele:**

Water
Suiker
Lemoensap
Tartrasien
Kaliumnitraat

3.1 Identifiseer die misleidende en vals bewering op die produk hierbo. Motiveer jou antwoord. (2)

3.2 Beantwoord VRAAG 3.2.1 en 3.2.2 in tabelvorm.

3.2.1 Identifiseer TWEE bestanddele in die produk gebruik wat moontlik tot die ontstaan van allergiese reaksies kan aanleiding gee. (2)

3.2.2 Bepaal die doelwit van hierdie bestanddele in die produk.

Tabuleer jou antwoord soos volg:

| 3.2.1 | **TWEE BESTANDDELE** | 3.2.2 | **DOELWIT** |
|---|---|---|---|
| | | | |
| | | | |

(2)

3.3 Anti-oksidante word dikwels as voedseladditiewe/-bymiddels gebruik.

Gee DRIE redes waarom dit as voedseladditiewe/-bymiddels gebruik word. (3)


3.4 Skryf 'n paragraaf waarin jy verwys na die voordele wat organiese geproduseerde voedsel op die natuurlike omgewing mag hê. (3)

3.5 Noem DRIE tipes inligting wat op 'n voedseletiket moet verskyn. (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.6 Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.




3.6.1 Identifiseer die bostaande voedingsverwante gesondheidstoestand. (1)

3.6.2 Definieer die bostaande voedingsverwante gesondheidstoestand. (2)

3.6.3 Ondersoek die redes waarom ŉ vrou met ŉ klein liggaamsvorm en wat in haar vyftigerjare is, meer geneig sal wees om die voedingsverwante toestand in VRAAG 3.6.1 genoem, te ontwikkel. (4)

3.7 Verduidelik die betekenis van die term *voedseloordraagbare siektes*. (2)

3.8 Noem DRIE riglyne om die verspreiding van voedseloordraagbare siektes te voorkom. (3)

3.9 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WARE VERHAAL OOR DIE IMPAK VAN HEPATITIS A: LYNN SE STORIE**

Op 5 Februarie het Ben en Lynn besluit om ŉ breek te neem uit hul besige skedules en het aandete saam met hul dogter by Chi-restaurant in die Beaver Valley-winkelsentrum gaan eet. Lynn het die hoender-pita en Ben het ŉ kreef-pita geëet. Lynn het eers op 27 Februarie begin siek word. Daardie aand het sy opgelet dat sy warm en moeg gevoel het. Sy het sap gedrink en vroeg gaan slaap in ŉ poging om die siekte af te skud. Lynn se koors het vinnig tot 42 °C gestyg, en sy het onbeheerst begin ruk. Die dokter se diagnose was dat Lynn begin ly het aan die gevolge van Hepatitis A. Lynn is onmiddellik gehospitaliseer.

3.9.1 Gee ŉ ander naam vir Hepatitis A. (1)

3.9.2 Noem die verwantskap vir die tydperk tussen 5 Februarie en 27 Februarie. (1)

3.9.3 Voorspel DRIE moontlike oorsake van Lynn se siekte. (3)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.10 Bestudeer die inligting hieronder wat op ŉ etiket vir beskuit voorgekom het en beantwoord die vraag wat volg.

| **DIABETIESE BESKUIT**: xilitol, saad en semels | | |
|---|---|---|
| **Lys van bestanddele**: Steengemaalde koringmeel, karringmelk, xilitol (13,2%), kanola-olie, botter, sonneblomsaad (8,4%), gerolde hawermout, koringsemels (3,2%), eiers, lynsaad, bakpoeier, sout | | |
| **VOEDINGSINLIGTING** | | |
| **Gemiddelde waardes** | **Per 100 g** | **Per 25 g** |
| **Energie (kJ)** | 1 933 | 483 |
| **Proteïne (g)** | 12 | 3 |
| **Koolhidrate (g)** | 52,9 | 13,2 |
| **waarvan totale suiker (g)** | 1,6 | 0,4 |
| **Totale vet (g)** | 21,2 | 5,3 |
| **Waarvan versadigde vet (g)** | 7,1 | 1,8 |
| **Vesel (g)** | 9,8 | 2,5 |
| **Natrium (mg)** | 487 | 122 |

[Bron: www.beasrusks.co.za]

Die produk meld dat dit vir ŉ diabeet geskik is.
Evalueer die geskiktheid van die beskuit vir ŉ persoon met diabetes. (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Verduidelik die term *vervalse goedere*. (1)

4.2 Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

4.2.1 Identifiseer die logo in die prent hierbo. (1)

4.2.2 Om díe logo op produkte te plaas, moet die produk 'n toets slaag. Noem die bepalende kriteria waaraan vervaardigers moet voldoen om die embleem/logo op hul klere-items te kan gebruik. (4)

4.3 Interpreteer die term *kleredragkode*. (2)

4.4 Lees die scenario hieronder en ontleed die prente. Beantwoord dan die vrae wat volg.

Gloria, 20-jaar-oud, is as 'n kantoor-assistent by 'n modegroothandelaar aangestel. Sy help Maandae en Vrydae in die verkoopsafdeling. Haar kontrak dui aan dat sy Maandae en Vrydae, wanneer sy met die publiek werk, die maatskappy se uniform moet dra. Die maatskappy se uniform bestaan uit 'n potloodromp, 'n wit bloes en 'n formele baadjie. Die res van die week moet sy professioneel geklee wees. Geen informele klere, kortbroeke, jeans, tekkies of handelsnaametikette is toelaatbaar nie. Hieronder is haar keuse van uitrustings vir die week.

[Eksaminator se eie teks]



Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag

Evalueer of haar gekose uitrustings voldoen aan die maatskappy se kleredragkode en die vereistes van haar kontrak. (4)

4.5 Met behulp van 'n grafiek illustreer en verduidelik die VYF fases in die modesiklus. (6)

4.6 Verduidelik waarom modesiklusse oorvleuel. (2)

**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 6: BEHUISING**

5.1 Verduidelik TWEE tipes versekering wat deur huiseienaars, maar nie deur huurders betaal word nie. (4)

5.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Mnr. Kellerman het sê, ‘Ongeveer die helfte van alle nuwe huisleningsaansoeke is vir 100% lenings.’ Dit impliseer dat die aansoeker nie van voorneme is om ’n deposito te betaal nie.
>
> Die betaling van ’n deposito, al is dit ’n minimale bedrag, hou groot voordele vir ’n huiskoper in. Individue wat die vermoë om te spaar demonstreer, word gewoonlik as ’n laer risiko deur banke beskou.
>
> Nuwe huiseienaars moet besef dat huiseienaarskap op verskeie wyses baie duur is. Eerste keer huiseienaars is geneig om meer belangstelling in hoë digtheidsbehuisingkomplekse te toon waar sommige van die gemeenskaplike onkostes gedeel kan word, terwyl bestaande huiseienaars neig om af te skaal in ’n poging om die stygende lopende koste verbonde aan eiendom, te verminder.
>
> “Diensfooie, erfbelasting en algemene onderhoudskoste van ’n groter vrystaande huis, raak vinnig baie en kan so duur raak dat die verbruiker dit nie meer kan bekostig nie.” het Kellerman gesê.
>
> [Aangepas uit www.fnb.co.za]

5.2.1 Identifiseer die tipe eienaarskap volgens die volgende eienskappe:

(a) “Groter vrystaande huis” (laaste paragraaf) (1)

(b) “Hoë digtheidsbehuisingskomplekse (derde paragraaf) (1)

5.2.2 Gee TWEE voordele verbonde aan die tipe eienaarskap in VRAAG 5.2.1(b) wat duidelik na vore in die uittreksel kom. (2)

5.2.3 Bespreek die geldigheid van die stelling hieronder:

Belê in ’n behuisingsontwikkeling wat winsgewende belonings oor die langtermyn bied. (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 Bestudeer die advertensie vir wasmasjiene hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ADVERTENSIE**

| WASMASJIEN A | WASMASJIEN B |
|---|---|
|  |  |
| R8 700<br>Koop dit op krediet<br>Deposito: R480,00<br>R550,00 x 24 maande<br>Totaal terugbetaalbaar: R13 680 | R9 200<br>Koop dit op krediet<br>Deposito: R 490,00<br>R 570,00 x 24 maande<br>Totaal terugbetaalbaar: R14 170 |
| 8 kg kapasiteit<br>14 programme<br>Energiedoeltreffendheid: A +++<br>2 jaar waarborg | 16 kg kapasiteit<br>13 programme<br>Energiedoeltreffendheid: A<br>2 jaar waarborg |

5.3.1 Die wasmasjiene kan kontant of op krediet gekoop word. Noem die tipe kredietransaksie in die advertensie. (1)

5.3.2 Gee ŉ rede vir die verskil in koste van die wasmasjien as dit kontant of op krediet gekoop word. (1)

5.3.3 ŉ Verbruiker kies om een van die wasmasjiene op krediet te koop. Die verbruiker verstaan nie al die terme en voorwaardes van die kontrak nie.
Noem die betrokke reg van die verbruiker asook die verantwoordelikheid van die verkoper in hierdie spesifieke geval. (2)

5.3.4 Staaf waarom wasmasjien **A** die beter keuse vir ŉ jong professionele dame met beperkte ruimte beskikbaar sal wees, en wie waarde aan die verantwoordelike gebruik van hulpbronne heg. (4)
**[20]**

Kopiereg voorbehou
SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Noem VIER maniere waardeur entrepreneurs volhoubare produksie van sy/haar produkte kan verseker deur grondstowwe te gebruik. (4)

6.2 Noem DRIE redes waarom 'n besigheid voorraadbeheer moet toepas. (3)

6.3 Lees die gevallestudie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Maya is 'n nagverpleegster in 'n privaathospitaal en is geregtig op 14 dae af per maand. Sy het 'n natuurlike talent vir naaldwerk en ontwerp. Sy het naaldwerk as vak op hoërskool geneem waar sy meer oor naaldwerk en ook patroon ontwerp geleer het. Sy het 'n vertrek in haar huis in 'n naaldwerkkamer omskep. Sy het twee nuwe naaimasjiene en een omkapmasjien van 'n hoë gehalte, aangekoop.
>
> Maya het twee werkers aangestel en opgelei om te verseker dat die artikels betyds klaar gemaak word en ook om te help met die bestuur van die finansies en aankope. Sy produseer artikels vir formele geleenthede soos matriekafskeide. Sy gebruik 100% satynmateriaal wat plaaslik vervaardig word, om die artikels te maak.
>
> Sy skenk spesiale aandag aan elke klant en verseker dat al hul behoeftes bevredig is. Twee weke voor die afleweringsdatum het die klante 'n finale pas. Sy bedien ook verversings aan haar tevrede kliënte.
>
> [Eksaminator se eie teks]

6.3.1 Noem DRIE menslike hulpbronne wat Maya tot haar beskikking het. (3)

6.3.2 Bespreek waarom 'n finansiële uitvoerbaarheidstudie vir Maya belangrik is. (4)

6.3.3 Noem DRIE maniere hoe Maya kan gebruik om haar onderneming/ besigheid in die gemeenskap te adverteer. (3)

6.3.4 Verduidelik hoe die opleiding van ongeskoolde werkers die volhoubare winsgewendheid van Maya se onderneming/besigheid sal verbeter. (6)

6.3.5 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik hoe Maya goeie kliënteverhoudinge bewerkstellig het. (6)

6.3.6 Lewer kommentaar oor die impak van gehaltebeheer en verduidelik die verskillende stadiums waartydens Maya gehaltebeheer moet toepas. (6)

6.4 Verwys na die kwotasie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> **KWOTASIE VIR MATRIEKAFSKEIDROK**
> ***4 meter materiaal @ R80,00 per meter**
> ***Garing en knope of ritssluiter @ R20,00 per rok**
> ***Oorhoofse koste en arbeid @ R300,00 per rok**

6.4.1 Bereken die totale koste van een rok met 'n winsopslag van 40%. Toon ALLE berekeninge. (5)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS